

PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



GRAIN SA
GRAAN SA

MAART
2015

Grondeienaarskap en die uitdagings wat ons in die gesig staar

Graan SA tydskrif vir ontwikkelende boere

Lees Binne:

- 04 | Om handel te dryf of nie...
- 06 | Terug na die tekenbord
- 10 | Graan SA gesels met... Solomon Masango



Daar is glo tans meer busbestuurders as boere in die Verenigde State. Dit lyk dalk na 'n vreemde vergelyking, maar dit veroorsaak dat 'n mens die vraag vra: "Wat moet eerste gebeur – 'n busbestuurder wat moet eet – of 'n boer wat op 'n bus moet ry".

Die antwoord is elke keer kos! Dit is 'n basiese behoefte van elke mens saam met suurstof en slaap. Die planeet benodig voedsame kos en dit vereis intelligente, hardwerkende mense om dit te produseer.

Grond is 'n beperkte hulpbron wat toenemend meer in aanvraag is en ook meer skaars word

soos die bevolking toeneem. Die verantwoordelikheid van wat op daardie grond gebeur, verhoog ook soos die druk toeneem om meer en meer voedsel te produseer op minder beskikbare grond. Hoekom wil mense dan toegang tot grond hê? Daar is twee hoofredes:

1. Akkommodasie – 'n plek wat jy huis kan noem. 'n Stukkie grond waar 'n mens 'n huis kan bou en in vrede en veiligheid kan leef en waar 'n mens al die nodige geriewe het om dit te doen, byvoorbeeld water, elektrisiteit en sanitasie.
2. Produksie – 'n plek om kos te produseer vir eie gebruik en vir wins. Die landbouaktiwiteite sal wissel van:

3



06





OUMA JANE SÊ...

Gedurende die someroes seisoen was ons betrokke by 'n projek om 855 bestaansboere wat arm is aan hulpbronne, te help om 1 ha mielies elk te plant. Al hierdie boere is op kommunale grond en hoewel hulle nie die grond besit nie, het hulle die gebruik van die grond. Dit is werklik die essensie van boerdery – dit gaan oor die gebruik van die grond. Daar is so baie verskillende vorme van grondbesit en die voor- en nadele van elke stelsel kan in detail bespreek word. Maar, ongeag van die toegang tot die grond, is dit die gebruik van die grond wat belangrik is – grond wat nie gebruik word nie is, is geen bate vir enigiemand nie en kan nie bydra tot 'n huishouding, of nasionale voedselsekerheid nie.

Daar is baie gepraat oor die herverdeling van grond en onteiening van grond. Dit is nie my debat nie. As die ontwikkelingspan van Graan SA, kry ons te doen met die resultate van hierdie herverdeling van grond – om toegang tot grond te hê, is 'n belangrike deel van boerdery. Maar die grond is slegs een aspek – jy moet ook die kennis hê hoe om die grond te gebruik, toegang tot meganisasie en produksie-insette hê (of die geld om dit te koop). Indien hierdie dinge nie in plek is nie, kan die grond nie gebruik word nie en ons hele land sal verloor – ons sal voedsel en vesel verloor, ons sal die bydrae tot die ekonomie verloor en ongelukkig verloor ons die hoop dat mense in hulle harte boere sal word. Ons moet eenvoudig 'n holistiese benadering tot die hele kwessie van grondtransformasie en boerontwikkeling hê.

Dit is amper makliker om die klein bestaansboere soos hierbo genoem, wat net 1 ha elk plant, te help, omdat hulle in staat is om die geld vir die insette vir die 1 ha te voorsien (dit te spaar, of plaaslik te leen). Hulle gebruik handgereedskap en hulle eie energie om die werk te doen. Hierdie mense was tevrede om 1 ton per hektaar te kry en dit was genoeg om die gesin te voed vir 'n jaar – ons sien toe dat hulle ook opbrengste van meer as 4 ton/ha sal behaal. Die werklike uitdaging is die boere wat toegang tot meer as 50 ha bewerkbare grond het – hulle benodig produksie-insette tot 'n waarde van meer as R300 000 sonder meganisasie. Hulle het dit nie en kan nie leen nie. Dit is die nuwe boere wat moet bydra tot nasionale voedselsekureit en die ekonomie van die land en tog kan hulle niks doen nie.

Ek hoop dat indien ons voortgaan om te werk aan die handhawing van goeie verhoudings met die Departemente van Landbou en Landelike Ontwikkeling, sal ons saam in staat wees om hierdie groot uitdaging aan te spreek. 🍀

Hanteer VEEDIEFSTAL

'n Kommerwekkende situasie vir boere is veediefstal. Of dit nou beeste, skape of wat ook al is, dit is iets wat aan die toeneem is. Afsiesien daarvan dat dit verpligtend is om jou vee te merk of te tatoeëer, is dit ook baie belangrik om jou vee individueel te nommer vir identifikasie en bestuursdoeleindes.

Uit ondervinding is dit hoogs raadsaam om jou vee op 'n daaglikse basis te tel. Dit sal beslis diefstal verminder en word jy 'n bestuurder

by uitstek soos bedoel in die artikel oor die onvriendelike regering. Oortreders sal bewus raak van jou optrede en dit sal maak dat hulle versigtiger steel. Hulle sal besef dat jy binne 'n paar uur bewus sal wees van die diefstal en dat hulle gevolg kan word. 🍀

Artikel verskaf deur Marius Greyling, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na mariusg@mcgacc.co.za.



Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

*"I am not afraid of storms,
for I am learning
how to sail my ship."*

~ Louisa May Alcott



1 Grondeienaarskap en die uitdagings wat ons in die gesig staar

- Bestaan, dit wil sê 'n klein stukkie grond wat kommunaal kan wees of gehuur word waarop voedselgewasse geplant kan word en moontlik klein getalle vee aangehou kan word om die gesin te onderhou; en
- Kommersiële, dit wil sê die ontwikkeling van die boerdery om op groter skaal te produseer en te verkoop aan beide plaaslike en uitvoermarkte. Dit is 'n feit dat 'n baie klein aantal mega-plase wat gewoonlik as agribesighede funksioneer die meerderheid van kos wat vandag in die wêreld verbou word, produseer.

Boere in Suid-Afrika ervaar ook die druk om hul besighede te laat groei en dit is steeds meer krities vir hul oorlewing dat hulle gebruik maak van al die landbougrond wat geskik is vir produksie en tot volle potensiaal ontwikkel. Die probleem waarmee die meeste boere sit is dat die koste van die bedryf en die produksie op die grond dikwels die waarde van die produkte wat daarop geproduseer word oorskry. Dit is waarom die vraag so krities is, "Wat gaan ons doen met die grond?" – Selfs indien jy die grond verkry het deur middel van een van die regeringskemas soos PLAS of LRAD. Wat ook al die scenario is, is daar nog kostes en verantwoordelikhede om te bewys dat jy 'n volwaardige en doeltreffende boer is en in staat is om 'n suksesvolle besigheid te bou wat jou sal help om besit van die grond te behou. Dit beteken dat jy in staat is om die huurbetalings te maak, produksiekoste te dek, asook voortdurend betaal vir nuwe toerusting en ander noodsaaklike plaasverbeterings. Dieselfde besigheidsreëls geld soos in enige normale kommersiële omgewing – indien jy 'n stuk grond gekoop het en nie kan voldoen aan die rente en kapitaal terugbetalings aan die finansiële instelling nie, kan daardie grond teruggeneem word en herverkoop word aan iemand anders.

Kom ons kyk na 'n paar van die algemene probleme in verband met die besit en bedryf van 'n stukkie kommersiële lewensvatbare landbougrond.

1. Ons kan nie net toelaat dat die grond braak lê nie. Daar is te veel druk om uit die grond te verdien, dus moet boere die belegging vir hulle laat werk.
2. Dit is nodig om versigtig te oorweeg wat op die grond gedoen sal word. Navorsing is 'n belangrike deel van 'n suksesvolle onderneming. Die meeste boere doen 'n omgewingsimpakstudie (OIS) om te bepaal watter aktiwiteite die meeste geskik is vir die gebied.

3. Besluite oor watter produksiepraktyke gevolg moet word en watter meer winsgewend gemaak moet word, moet geneem word.
4. Marknavorsing moet gedoen word om die lewensvatbaarheid van die verskillende produkte vas te stel. Dit sluit die ontleding van verbruikers se behoeftes en eise in, sowel as die soeke na toekomstige tendense saam met die regering se beleid.
5. Versigtige koste-ontleding moet gedoen word. Dit sluit oorhoofse koste in – die koste wat in elk geval aangegaan is nog voordat jy begin plant op die grond. Verder moet die direkte produksiekoste met betrekking tot hierdie ondernemings versigtig oorweeg word en dan word die vraag gevra: "Is dit moontlik om wins uit hierdie besigheid te maak?".

Hierdie is slegs sommige van die oorwegings wat in ag geneem moet word wanneer daar besluit word om te begin met die verkryging van grond, óf deur huur, óf deur die aankoop daarvan.

Dit is waar dat boerdery as leefwyse baie aantreklik is. Jy is jou eie baas en daarmee saam kom talle voordele en voorregte. Saam met hierdie voorregte kom ook baie laste en verantwoordelikhede en dit is net die boer self – of haarself – wat verantwoordelik is, omdat boerdery meestal eenman besighede is en aan die einde van die dag, selfs al is dit ander mense wat die foute maak, is die boer alleen in die uitvoering van die volle verantwoordelikhede vir die algehele sukses – of mislukking – van sy besigheid!

Ses belangrike reëls om te onthou

Reël # 1: Vermoë skuld – so vër as moontlik!

Dit is dikwels nie moontlik vir 'n boer om heeltemal skuldvry te boer nie, maar dit is belangrik om te onthou dat die leen van geld weer geld kos. Baie groot boere was gedwing om hul drome te laat vaar toe hulle nie hul skuld kon betaal toe die bank dit opeëis het nie.

Reël # 2: Identifiseer jou mark voordat jy begin met produksie

Waar gaan jy verbruikers vir jou produk vind? Hoe ver weg is die mark? Hoe sal jy jou produk stoor en wat sal dit jou kos? Indien jy jou koring in 'n silo stoor, betaal jy vir daardie diens, wat sal dit kos? Jy moet vroegtydig 'n soliede bemarkingsplan opstel.

“

Grond is 'n beperkte hulpbron wat toenemend meer in aanvraag is en ook meer skaars word soos die bevolking toeneem. Die verantwoordelikhede van wat op daardie grond gebeur, verhoog ook soos die druk toeneem om meer en meer voedsel te produseer op minder beskikbare grond.

Reël # 3: Pas die grond aan by sy beste gebruik

Dit is belangrik om in harmonie met die natuur te werk. Gewasse wat onder plaaslike toestande en op die grond in die streek floreer, sal die mees bekwame resultate lewer.

Reël # 4: Produseer met passie

Om dit eenvoudig te stel, jy moet lief wees vir dit wat jy doen. Boerdery is harde werk met lang ure en lae opbrengs, dus moet boere deur meer as geld en tradisie gemotiveer word.

Reël # 5: Stel redelike doelwitte

Boerdery is 'n voortdurend veranderende bedryf en hoewel elke boer droom van baie goeie masjinerie wat bydra tot seepgladde bedrywighede, is dit belangrik om geduldig te wees. Rome is nie in een dag gebou nie!

Reël # 6: Lees. Vra vrae. Deel jou kennis.

Lees is dikwels die laaste ding waaraan 'n boer dink, maar dit is 'n ernstige fout om dit te verwaarloos. 'n Mens moet tred hou met moderne neigings en nuwe tegnologie leer. Vra vrae aan die kenners, gebruik die breinrag van ouer, meer ervare boere en maak hulle jou mentors. Dan moet jy mildelik deel wat jy weet.

Artikel verskaf deur Jenny Mathews, Pula Invula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na jenjonmat@gmail.com.

OM HANDEL te dryf of nie...

In 'n vorige artikel het ons gepraat dat dit belangrik is om markgerig te wees. Produksie en bemarking is nie twee aparte prosesse soos sommige wil dink nie; dit is eerder 'n voortdurende proses om grondstowwe te bring tot by die punt waar hulle bruikbaar aan 'n verbruiker kan wees.

Dit is akkuraat om te sê dat daar niks geproduseer moet word wat nie deur iemand anders benodig word nie. Ons opereer in 'n vryemark stelsel wat vereis dat boere die beste prys vir hul produkte moet onderhandel.

Die handelsomgewing is kompleks en besaai met buitelandse terminologie en ongewone koop en verkoop patrone. Met toenemende invloed van globale mededinging in die markte en die geleentheid wat aangebied word deur die potensiële koop en verkoop op die Landbou afgeleide platform van die Johannesburgse Effektebeurs (JSE), is dit meer as ooit tevore belangrik dat 'n boer goed ingelig is oor bemarkingsgeleentheid en prysstrategieë wat aan hom beskikbaar is.

Hierdie handelsplatform wat bekend staan as 'n kommoditeitsmark, word beskou as 'n doeltreffende instrument vir produsente om markgeleentheid en prysrisiko binne die Suid-Afrikaanse landboumark te bestuur. Die verhandeling verbind kopers en verkopers en bied deursigtige prysontdekking. Alle transaksies is veilig en verseker deur die struktuur. Boere kan hul graan verskans om 'n gewenste prys vir hul produk teen 'n gewenste datum in die toekoms te

verseker. Hierdie oefening kan hul kwesbaarheid teen wisselvallige markte verminder en hulle so beskerm teen die moontlike val van lokopryse teen oestyd wanneer die mark oorstroom word, of oorvoorsien word. Toekomstige kontrakte het 'n vervaldatum en teen daardie tyd moet beide die koper en die verkoper die posisie wat hulle verhandel het, nakom.

Basiese SAFEX terminologie verduideliking

- 'n Boer sal termynkontrakte gebruik om sy risiko's teen prysvolatiliteit te verskans. Die **toekomstige kontrak** beteken dat hy onderneem om 'n gespesifiseerde aantal ton aan die mark te verkoop op 'n spesifieke, ooreengekome toekomstige datum. In wese verkoop die boer die mielies wat hy beplan om te produseer teen 'n voorafbepaalde prys. Hy moet hou by hierdie verbintenis en die ooreengekome tonne lewer, ongeag.
- Nog 'n handelsinstrument is die gebruik van 'n **OPSIE**. Die twee tipes opsies op SAFEX is "put" opsies (verkoop) en "call" opsies (koop).
- "**Call**" opsies gee die koper die reg om mielies te koop in die toekoms teen 'n voorafbepaalde prys, terwyl "put" opsies die koper die reg gee om mielies te verkoop teen 'n voorafbepaalde prys in die toekoms. Opsies word gebruik om produsente teen wisselvallige pryse te beskerm.
- "**Call/Opsies**" bied beskerming teen stygende toekomstige graanpryse. Indien graanprodusente/verkopers "Call" opsies koop nadat graan kontant verkoop is, positioneer hulle hulself om baat te vind by stygende toekomstige pryse. "Put" op-

sies bied beskerming teen dalende toekomstige graanpryse.

- Die mark verhandel aktief elke weksdagoggend vanaf 9h00 tot die middag. Dit is moontlik om die beweging van die mark byna minuut per minuut te monitor, omdat dit lewendig op die Internet is; maar dit is meer normaal vir produsente om 'n middelman, 'n **makelaar**, te vertrou om die intense markontleding te doen en die beste besluit namens hom te neem. Belangrik is dat alle belanghebbendes die beweging van graanpryse in die Verenigde State monitor deur die monitering van die aktiwiteit op hul aandelemark, Die *Chicago Board of Trade (CBT)*. Ons word sterk beïnvloed deur die beweging van die graanprys daar en indien daar 'n skerp daling in die prys in Amerika is, kan ons oor die algemeen verwag dat ons markte die tendens in die nabye toekoms sal volg en die teenoorgestelde geld ook. Dit is 'n goeie idee vir boere om met hul plaaslike agribesigheid te reël om die sluitingspryse van die CBT elke oggend na hul selfone te sms na die sluiting van die handel daar, sowel as die resultate van die handel op die plaaslike mark. Jy kan ook reël dat pryse gedurende die dag aan jou gestuur word en dan wanneer die mark sluit. Dit sal jou bemaatig in jou besluitneming vir wanneer jy jou koring verkoop. 📍

Artikel verskaf deur Jenny Mathews, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na jenjonmat@gmail.com.



Dit is tyd vir 'n na-seisoen evaluering

Maart is altyd 'n goeie tyd van die jaar om te bepaal hoe dinge bedryf is tydens die besige seisoen. As boere is daar altyd aspekte van ons bedryf wat verbeter kan word. Om te verbeter, moet ons weet wat verbetering benodig.

Ek stel voor dat 'n goeie praktyk is om hierdie maand 'n paar dae te wy aan 'n persoonlike prestasie-evaluering waar ons presies kan wees en 'n lys maak van dinge om te verbeter vir die volgende besige seisoen.

Boere is baie goed met "skadebeheer" en dink op hulle voete ten tye van brekasies en meganiese dramas. Dit is 'n uitstekende kwaliteit om te besit indien 'n noodgeval ontstaan, maar die vraag moet gevra word; hoeveel van hierdie dramas kon vermy gewees het met doeltreffende voor-seisoenbeplanning, instandhouding en bestuur. Ek het onlangs geluister na 'n radiopraatjie deur 'n politieke ontleder en in sy praatjie het hy aangedui dat gedurende hierdie tye van politieke en algemene landbou-onstabiliteit en onrus, die beste ding wat 'n boer kan doen is om te fokus op wat hy doen en dit te doen na die beste van sy vermoë. Probeer om jou boerdery so doeltreffend en so suksesvol as moontlik te maak.

Na watter aspekte van ons bedryf moet ons dus kyk tydens ons na-seisoen evaluering?

- Om 'n goeie begrip te hê van hoe die bestuur van jou besigheid hierdie seisoen verloop het, loop rondom die plaas en begin in jou kantoor, verskuif dan na die stoor en daarna na die area om die stoor en uiteindelik deur die veld en gewasse.
- Terwyl jy loop, moet jy punte neerskryf soos; die gereedskap in die stoor moet gesorteer word, of ou chemiese dromme en kunsmis-sakke moet skoongemaak word of van die hand gesit word, ensovoorts.
- Evalueer jou planttoerusting. Teen hierdie tyd behoort hulle reeds skoongemaak, ge-diens en veilig weggepak wees.
- Neem voorraad van alle insette wat oorgebly het soos saad, chemikalieë en kunsmis, maak 'n aantekening hiervan en pak hulle veilig weg om weer in die toekoms te gebruik. Jy moet hierdie oorskot in ag neem tydens die plasing van jou bestellings vir die volgende seisoen.


“

Die beste ding wat 'n boer kan doen is om te fokus op wat hy doen en dit te doen na die beste van sy vermoë. Probeer om jou boerdery so doeltreffend en so suksesvol as moontlik te maak.

- Identifiseer dit wat in die kantoor geliasseer moet word of ingehandig moet word aan die boekhouders en organiseer dit sodat dit 'n duidelike en netjiese ruimte is om in te werk. Jy kan nie helder dink in 'n ruimte wat deurmekaar is nie.
- Die plek waar jy die meeste van jou tyd sal spandeer, is in die lande. Kyk na dinge soos jou plantestand. Was die planter korrek gekalibreer, was daar rye wat gemis is, was jou rye mooi en reguit, ensovoorts.
- Kyk na dinge soos onkruidbeheer. Was die spuit goed gestel en het al die spuitpunte goed gewerk. Indien daar stroke onkruid hier en daar is, weet jy dat jou dryer 'n verstopte spuitpunt of iets soortgelyks geïgnoreer het. Hierdie klein foute is maklike probleme om uit te stryk in die volgende seisoen.
- Kyk na die plante en die kleur van die blare. Is jou bemesting goed versprei en voldoende? Indien jy plekke sien waar die plante verpot en geel is, weet jy dat daar nie genoeg kunsmis toegedien is of die planter nie eweredig toegedien het nie.
- Wat jy uiteindelik nodig het om vas te stel, is of jou gewasse goed gereageer het op jou praktyke.

Sodra al jou notas gemaak is oor wat verbeter kan word, kan jy jou beplanning begin vir die volgende plantseisoen. Deur te weet presies watter aspekte van jou besigheid die meeste aandag moet kry, kan jy nou jou tyd daarvolgens beplan. Indien ons voortdurend probeer om te verbeter, sal ons net beter en beter word met wat ons doen.

Artikel verskaf deur Gavin Mathews, Baccalaureus in Omgewingsbestuur. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na gavmat@gmail.com.



Terug na die tekenbord

Wanneer jy gedurende die laaste paar weke van November vanaf Bloemfontein Orania toe ry, wat geleë is teen die Oranjerivier in die Noord-Kaap, nader jy die dorp vanuit die suide. Wanneer jy deurry, deur die hoofdorp en noord en noordoos oor die brug wat die Oranjerivier oorstee, word jy beloon met 'n asemrowende gesig van verskeie spilpunte met hoë opbrengs groen tot goud koring wat golwend in die ligte briesie waai.

Die oes het hierdie jaar wonderlik gelyk, alhoewel gewasse van sommige boere verder oos in die Hopetown area feitlik uitgewis is deur geweldige haelstorms.

Dit is baie duidelik dat hierdie boere met boerderye naby, van die beste besproeiingskoringboere in die wêreld is. Die potensieële koringopbrengs blyk 7,5 ton/ha of meer te wees. Werklike opbrengste gerealiseer was in die omgewing van 7 ton/ha geoes en sou 8,2 ton/ha gewees het sonder die haelskade. Gedurende vorige seisoene is 'n opbrengs van 10 ton/ha behaal toe direk na mielies in Junie geplant is. Opbrengste op 'n paar plase was minder as wat verwag is en kon veroorsaak gewees het deur die veranderlike koue nagte en die verlies aan kritieke hitte-eenhede wat nodig was om die are gedurende die seisoen te vul. Tans sal die meeste van hierdie spilpuntlande aangeplant wees met mielies gedurende die eerste paar weke van Desember, na die oes van die koring.

Indien jy belangstel in die bestudering van die produksie van besproeiingskoring onder spilpunt, maak asseblief kontak met 'n paar boere in die omgewing. Gaan kyk self hoe dit gedoen word en bespreek al die produksiefaktore wat hulle in ag moet neem met die produksie van 10 ton/ha.

“Oorweeg alle produksiefaktore (waarvan net 'n paar hierbo genoem is) en bestudeer en analiseer hulle in detail sodat jy jou opbrengs kan optimaliseer.

Toekomstige prys scenario

Suid-Afrika se totale kommersiële koringproduksie staan op 'n stabiele vlak teen ongeveer 1,760 miljoen ton. Die termyn markpryse vir Julie 2015 is R4 065 per ton en R3 819 vir September 2015. Onthou om die vervoer differensiaal vir die Wes-

Kaap of ander gebiede in ag te neem om te arriveer teen 'n prys per ton op die plaas verkoop. Teen 'n opbrengs van 8 ton/ha en vervoerdifferensiaal van R200 per ton, sal 'n bruto inkomste van R28 960 behaal word. Dit kan verhoog word tot R36 200 per hektaar met 'n 10 ton oes.

“Indien jy belangstel in die bestudering van die produksie van besproeiingskoring onder spilpunt, maak asseblief kontak met 'n paar boere in die omgewing. Gaan kyk self hoe dit gedoen word en bespreek al die produksiefaktore wat hulle in ag moet neem met die produksie van 10 ton/ha.

Werk jou koste, maontlike opbrengs, inkomste en bruto marges akkuraat uit. Oor die algemeen hou besproeiingskoringboere aan met plant, wat daarop dui dat die gewas steeds winsgewend is, alhoewel elektrisiteitтарыwe 'n groot rol in die uitkoms speel.

Produksiefaktore vir die komende besproeiingskoring oes wat gedurende Junie 2015 geplant sal word

Indien jy teleurgesteld was met jou besproeiingskoring opbrengs, is dit 'n goeie tyd om sommige van die belangrike produksiefaktore te hersien. Daar word aanvaar dat jy toesien dat die toestand van jou spilpunt doeltreffend is en dat dit in staat is om genoeg water te voorsien aan die toekomstige koringoes. As jou doel is om so naby aan 10 ton/ha as moontlik te produseer, moet dit bepaal word hoeveel water die gewas sal vereis. Enige probleme met watertoediening tydens blomtyd sal rampspoedig wees. Gaan alle werkende dele, wiellaers, bandtoestand, spuitpunt lewering en druppelgrootte na en alle elektriese en elektroniese beheerpanele.

Grondprofile in die spilpuntlande

Dit is raadsaam om weer te kyk na jou grondprofile vir enige verdigingslae of slikareas onder die oppervlak wat dalk die volle benutting van grondbeskikbaarheid vir die wortelstelsel van die koringplant kan beperk.

Vrugbaarheid

Neem baie grondmonsters binne die spilpunt gebied en doen 'n gedetailleerde grondontleding om

Verseker dat alle spuitpunte korrek funksioneer.



enige potensiële voedingstekorte wat kon plaasgevind het met die onttrekking van 10 ton koring en 14 ton mielies per hektaar per jaar, te bepaal. Die grond se huidige vrugbaarheidsvlakke moet krities beoordeel word.

Kunsmis

’n Oes van agt ton/ha sal 240 kg stikstof, 40 kg fosfaat, 50 kg kalium en 14 kg swael benodig gedurende die groeiseisoen.

Koring sal 22 kg stikstof, 3,8 kg fosfaat, 4,30 kg kalium en 2,50 kg swael per ton saad geproduseer onttrek. Werk die totale bedrae uit vir jou eie opbrengsbeplanning. 210 kg stikstof, toegedien in vier toedienings, sal verwag om 8 ton/ha te produseer.

Gevolgtrekking

Oorweeg alle produksiefaktore (waarvan net ’n paar hierbo genoem is) en bestudeer en analiseer hulle in detail sodat jy jou opbrengs kan optimaliseer.



Artikel verskaf deur ’n afgetrede boer.

Tydige instandhouding sal watereffektiwiteit verseker en ’n impak hê op opbrengs.

NAVORSING EN TRANSFORMASIE SÓ BEFONDS

Die Raad van Trustees van die Wintergraantrust het op ’n vergadering gehou op 21 Oktober 2014 besluite geneem met betrekking tot die beskikbaarstelling van fondse ter ondersteuning van ’n verskeidenheid van navorsingsprojekte wat op wintergraan betrekking het asook vir ander doeleindes, soos transformasieprogramme en kapasiteitsbou binne die bedryf.

Aansoeke vir ondersteuning uit die heffingsfondse word deur Tegniese Komitees vir koring en gars geëvalueer. Die komitees se samestelling bied aan alle sektore van die bedryf geleentheid om insae te bekom betreffende die aanwending van die fondse. Die samestelling van die Komitees is beskikbaar op die Wintergraantrust se webblad (www.wintercerealthrust.co.za).

Die Raad van Trustees bestuur heffingsfondse volgens die beginsel dat fondse wat aan die einde van ’n finansiële jaar beskikbaar is vir navorsing, aangewend moet word ten opsigte van projekte met meriete in soverre behoeftes van die bedryf aangespreek word. Die doel is nie om fondse op te bou terwyl noodsaaklike navorsing afgeskep word nie.

Die fondse wat deur die Trust beskikbaar gestel kon word, is fondse wat by wyse van statutêre heffings gevorder is tesame met die renteverdienste daarop en nadat voorsiening gemaak is vir administratiewe uitgawes en die Trust se verpligting teenoor die gedeeltelike befondsing (13,6%) van SA Graan Inligtingsdiens (SAGIS) se jaarlikse begroting.

Navorsing

Ongeveer 58 projekte sal vir die komende jaar finansiële steun vanaf die Wintergraantrust ontvang vir navorsing in koring, gars en hawer. Hiermee ’n paar voorbeelde van die tipe navorsingsprojekte wat beoog word:

Koring

- Koringteelprogramme;
- Nasionale koringkultivar evaluasieprogramme;
- Tegnologie-oordragprogram;
- Evaluering van voor-oes uitloop in koring;
- Die langtermyn invloed van grondbewerkingsmetodes op grond onder koringproduksie in die Oos-Vrystaat;
- Vestiging van bewaringsbewerkingspraktyke van

somergewasproduksie-sisteme in die somerreevalgebiede;

- Beheer van Karnal Bunt;
- Evaluering van koringteelmateriaal vir weerstand teen die Russiese Koringluis;
- Vroeë waarskuwingstelsel vir die beheer van die oordrag van “Barley yellow dwarf”-virus by koring onder besproeiing;
- Luis-afweermiddels om die oordrag van die “Barley yellow dwarf” virus deur luise in koring, te beperk;
- Optimalisering van die effektiwiteit van onkruidododer;
- Ontwikkeling van ’n molekulêre toetsingsmetode vir vinnige binne-seisoen onkruidododer toetsing;
- Onkruidododer toleransie van Suid-Afrikaanse koringkultivars;
- Kwantifisering van die opbrengsgaping tussen genetiese potensiaal en kommersiële opbrengste van besproeiingskoring in Suid-Afrika;
- Ondersoek na die produksiedinamika van agt (8) wisselboustelsels insluitende koring, kanola, lupiene en weidingspesies in die Swartland;
- ’n Ekonomiese en biologiese evaluasie van kort- en langrotasie graan- en graan/weiding-produksiesisteme in die Suid-Kaap; en

Navorsing en transformasie só befonds



'n Voorbeeld van 'n kultivarproefperseel.

- Die beheer van probleem onkruid in wintergraan en medic-weidingewas met huidige geregistreerde – en ongeregistreerde produkte.

Gars

- Garsteelprogram;
- Omvattende siektebestuurstrategie vir moutgars;
- Optimalisering van produksiepraktyke vir SA moutgarskultivars met klem op die introduksie van nuwe kultivars; en
- 'n Voorlopige ondersoek na die oorsake na die vinnige afname in ontkiemingsenergie by gars gedurende na-oesopberging.

Hawer

- Hawerontwikkelingsprogram.

Ander toepassings van fondse

Die Raad van Trustees het weer fondse beskikbaar gestel vir die opstel van 'n verslag omtrent die kwaliteit van die plaaslike koringoes. Hierdie verslag sal deur die SA Graanlaboratorium saamgestel word wat ook 'n opname sal maak van die kwaliteit van ingevoerde koring. Ondersteuning aan hierdie opnames word gebaseer op werklike koste aangegaan.

Fondse is ook bewillig vir 'n voorgenome sensoriese evaluasie van die invloed van

nuut-voorgestelde fortifikasievlakke op koringprodukte.

Beperkte fondse word ook beskikbaar gestel vir kapasiteitsbou binne organisasies betrokke by die wintergraanbedryf.

Beurse word ook aan studente beskikbaar gestel vir studies wat relevant is tot die wintergraanbedryf. Van die voorwaardes verbonde aan die toekenning van 'n beurs, is dat die beurshouer vir 'n tydperk gelyk aan die getal jare wat 'n beurs toegeken is, by 'n organisasie binne die wintergraanbedryf werksaam moet wees. Sou dit nie gebeur, word die totale waarde van beurse aan die student toegeken, van die betrokke student verhaal.

Transformasie

Die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye het die heffings as statutêre heffings afgekonstig op voorwaarde dat 20% van die heffingsinkomste gebruik word vir die ontwikkeling van opkomende swart boere. Die Raad van Trustees het hulself ten volle verbind om aan hierdie voorwaarde te voldoen en reserveer jaarliks 20% van die heffingsinkomste (vir die betrokke finansiële jaar) vir transformasiedoelendes.

Transformasieprogramme wat deur LNR: Kleingraaninstituut, Graan SA, SAB Barley

Farm en GWK Bpk. geadministreer word, is oor die laaste paar jaar ondersteun.

Fondse wat aan die produsente-ontwikkelingsprogramme van landboubesighede beskikbaar gestel word, word deur die *Grain Farmer Development Association (GFADA)* gekanaliseer. Streng kriteria word toegepas in die keuring van opkomende produsente wat aan die gemelde programme kan deelneem. Die doel met hierdie intensiewe ontwikkelingsprogramme is om produsente by te staan wie die potensiaal het om deel te kan word van die kommersiële stroom. Boere betrokke by hierdie programme ontvang steun ten opsigte van grondkorreksie en versekeringspremies. Die landboubesighede wat die programme bestuur, kwalifiseer vir mentorskapfoeie. Ander donateurs is ook betrokke by hierdie programme.

Belangstellendes kan inligting omtrent projekte wat deur die Wintergraantrust befonds word op die Trust se webtuiste www.wintercerealtrust.co.za bekom. 📍

Artikel verskaf deur Ishmael Tshame, Administrateur: Wintergraantrust. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na ishmael.tshame@wctrust.co.za.

Suide se koringboere *sit koppe bymekaar*

“E k glo dat 2014 gemengde gevoelens by landbouers sal ontketen in die Suid-Kaap”. Dele het in die begin van die seisoen variërende hoeveelhede reën gehad, maar weer eens was dit 'n minder as ideale begin tot ons reënseisoen. Dit is opgevolg deur snepende koue en baie nat toestande in die weste, maar wat nooit uitgebrei het tot in die ooste nie.

Die hoeveelheid reën wat ontvang is, het egter gewasse mooi laat ontwikkel en dit het geblyk dat die potensiaal goed gevestig word aan die begin van die seisoen. Die reën veral in dele van die ooste het egter weggebly. Die reën wat in die somermaande geval het, veral Januariemaand, het egter gewasse laat deurtrek. Dit terwyl daar in Junie 2014 die meeste reënval sedert 1994 aangeteken is. In die verre weste is dit intendeel net Januarie en Junie 2014 wat bonormale reën ontvang het, terwyl die res van die maande ondergemiddeld was.

As ons van koring praat, was opbrengste en kwaliteit verskillend in gebiede en distrikte. Die warm weer en beskikbare vog in die aarvulstadium het hierdie verskille tot gevolg gehad. Indien die koste teenoor langtermyn gemiddelde opbrengste en Safex-pryse ontleed word, weet en besef

almal gelukkig dat die koringbedryf op 'n mespunt gebalanseer is. Die dalende hektare in die binne-land waar daar alternatiewe bestaan in die vorm van somergewasse, is 'n bewys daarvan. Dit het aanleiding gegee tot 'n saamtrek van rolspelers in die bedryf op die 11de November 2014 waartydens die Wintergraan Tegniese Komitee van die Wintergraantrust as sameroeper opgetree het. Hierdie geleentheid is deur meer as 80 mense uit die koringbedryf bygewoon.

Die meulenaars, bakkers, silo-industrie, agente, verbruikersraad, Safex, regering en produsente is hier verteenwoordig en die vergadering is deur Rod Blondin van Safex gelei. Die gesindheid van die groep was noemenswaardig en almal het saamgestem dat verandering in die bedryf sal moet plaasvind om die bedryf van ondergang te red.

Hierdie vergadering is opgevolg deur 'n tegniese groep wat voorgestelde veranderings verder bespreek het op 25 November 2014. Die onderhandelings en harde werk het egter op 15 Januarie 2015 begin waar almal hul voorstelle voor die tyd kon sirkuleer en drie wegbreekgroepe verder veranderings bespreek en onderhandel het. Die drie groepe het elke voorstel bespreek en onderhandel oor 'n kern en fokusarea

en dit het hul hoofokus gebly. Die eerste groep het bespreek en onderhandel oor die vrystelling van nuwe kultivars, vrystellingskriteria sowel as die periode voor vrystelling (tans drie jaar se proefdata), terwyl die tweede groep opberging van graan bespreek het en die laaste groep die gradeeringsglyskaal, Safex (basisgraad van verhandeling en glyskaal) en kontantverhandeling.

Ons sien uit na die ontwikkelings en hoopelik kan daar sinvolle veranderings wees waar sekere van hulle onmiddellike verligting en verbeterings sal meebring, maar ongelukkig sal sommige van die voorgestelde veranderings (nuwe kultivars met verhoogde opbrengste en laer kwaliteit) tyd vat om werklik 'n verskil te kan maak.

Dat die graanbedryf uitdagings het wat voorlê, is nie te betwyfel nie. Wees egter daarvan verseker dat jou verteenwoordiger en die personeel by Graan SA alles in ons vermoë sal doen om verbeterings te probeer maak en dit te bestuur ten voordeel van produsente. 🍷

Artikel verskaf deur Richard Krige, Graan SA Hoofbestuurslid en Voorsitter van Streek 27. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na boontjieskraal@com2000.co.za.



'n Koringveld net buite Caledon.



Graan SA gesels met... Solomon Masango

Solomon Masango is 'n boer in die Carolina omgewing en 'n lid van die nuutgestigte Carolina Studiegroep. Hy boer op kommunale grond waar hy die bewerkbare areas van die groep huur. In ruil daarvoor maak hy hooi vir die groep se beeste en lewer oesreste vir winterweiding. Deur toewyding, harde werk en gretigheid om te leer, het hy volwassenheid bereik as 'n opkomende boer en het die probleme van 'n boer op gehuurde grond oorkom.

“*My kennis van landbou en my gretigheid om te leer is die hoeksteen van my onderneming.*”

Waar en op hoeveel hektaar boer jy?

Ek boer op 420 ha bewerkbare grond in die Carolina omgewing, plant 130 ha mielies, 280 ha soja en 10 ha suikerbone. Ek het ook huurweiding vir my 129 vleisbeeskudde.

Wat motiveer/inspireer jou?

Ek glo dat boerdery my lewe en bestemming is en dat ek nêrens anders behoort nie. Ek leer iets nuuts elke dag en eksperimenteer ook graag met nuwe idees, soos om te kyk na smal rye vir soja en later ook mielies.

Beskryf jou sterkpunte

My kennis van landbou en my gretigheid om te leer is die hoeksteen van my onderneming. Etiese sakepraktyke het my gehelp om 'n goeie kredietrekord te bekom, wat my in staat gestel het om my finansies vir insette deur Afgri te kry. Die plaas het goeie grond en is geleë in 'n hoë reënvalgebied. Grond wat nie deur ander boere benut word nie, is meer en meer beskikbaar, sodat ek dus kan uitbrei.

Wat is jou swakpunte?

Grondbesit skep onsekerheid vir toekomstige stabiliteit. Om nie jou eie grond te hê nie, skep twyfel vir wie grondvrugbaarheid op die langtermyn onderneem word.

Wat was jou opbrengs toe jy begin boer het?

Ek het gemiddeld 3,5 ton/ha gedurende die eerste jaar met mielies behaal en nou produseer ek 6 ton/ha gedurende 'n gemiddelde tot goeie seisoen. Soja lewer meer as 2 ton/ha.

Wat dink jy was die grootste bydraer tot jou vordering en sukses?

Daar is baie vennote in my boerdery, soos opleiding deur Afgri en die nuutgestigte studiegroep van Graan SA. Dit het my in staat gestel om wetenskaplik te boer met bemestingsprogramme volgens grondontledings en 'n kalkprogram. Onkruidodder programme is in plek te danke aan die raad van Laeveld Agro Chem en Graan SA. Wisselbou speel 'n groot rol en onlangs het ek omgeskakel na geen-bewerking boerdery, nadat ek 'n 8-ry geen-bewerking planter en 'n nuwe spuit gekoop het.



Dit is Solomon Masango se droom om binne die volgende paar jaar 'n kommersiële boer te word.

Waar sien jy jouself oor vyf jaar?

Oor vyf jaar sien ek myself as 'n kommersiële boer. Ek is reeds naby daaraan. Ek het 'n goeie verhouding met die bure, wat bereid is om my te help.

Watter raad het jy vir jong aspirantboere?

By gewasverbouing is grond die belangrikste. Eerstens, kyk na die beskerming van jou grond en grondvrugbaarheid en die res sal volg. Loop altyd 'n reguit pad met etiese sakepraktyke en moet nie kortpaie vat nie.

Artikel verskaf deur Naas Gouws, Ontwikkelingskoördineerder van die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na naas@grainsa.co.za.



Maak hooi

– *sels as die son nie skyn nie*

Om die eenaar/bestuurder van 'n boerdery te wees, is sonder twyfel een van die mees uitdagende loopbane om te volg. Boere staar toenemende insetkoste, wisselvallige kommoditeitspryse (een jaar is die prys hoog en die volgende jaar weer laag), onsekerheid oor die weer, die voorkoms van natuurrampe en ondoeltreffende sekuriteitsmaatreëls in die gesig.

Verder word boere in Suid-Afrika, hetsy komersiële of kleinboere, ook gekonfronteer deur 'n regering wat landbou onvriendelik is. Dit word ervaar deur 'n gebrek aan befondsing, 'n gebrek aan subsidies, by tye geen beskikbaarheid van broodnodige entstowwe, substandaard infrastruktuur soos paaie en spoorweë, die voorsiening van elektrisiteit, water infrastruktuur en gehalte van water. Verder is daar in Suid-Afrika 88 wette wat boere beïnvloed. En waar die regering 'n plan ontvou om van hulp te wees, kom baie min uiteindelik daarvan. Die Regering se Fetsa Tlala ondersteuningsprogram vir kleinboere wat afgeskop is deur President Zuma gedurende Oktober 2013, is in die duister gelaat weens 'n gebrek aan befondsing en kundigheid. Laastens bestaan die regering se voorligtingsdienste feitlik glad nie meer nie. Boere het ook ervaar dat tydens natuurrampe hulp van die regering óf heeltemal ontbreek, of kom baie laat en is nooit genoeg nie.

“ *In Suid-Afrika 88 wette wat boere beïnvloed.*

Wees verseker dat dit nie sal verander in die huidige jaar onder die huidige leierskap van die regering nie. Suid-Afrikaanse boere sal voortgaan om 'n vyandige en onsekere politieke omgewing die hoof te bied. Die regering is reeds opsoek na 'n nuwe wet met betrekking tot grondhervorming en die ondersoek oor die toepassing van minimum lone vir werkers.

Hierdie negatiewe omgewing sal jou egter dwing om die negatiewe te omskep tot 'n positiewe VOORDEEL indien jy wil slaag as 'n boer. Jy sal al hierdie probleme in die gesig moet staar en werklik 'n bestuurder van formaat moet word. Jy kan óf onder 'n boom sit en koffie drink en kla, of jy kan opstaan en iets doen. Die keuse is joune. Niemand



Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324
Collinsstraat 7, Arboretum
Bloemfontein
▶ 08600 47246 ◀
▶ Faks: 051 430 7574 ◀ www.grainsa.co.za

HOOFREDAKTEUR

Jane McPherson
▶ 082 854 7171 ◀ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebel
▶ 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
▶ 018 468 2716 ◀ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERders

Danie van den Berg
Vrystaat (Bloemfontein)
▶ 071 675 5497 ◀ danie@grainsa.co.za

Johan Kriel

Vrystaat (Ladybrand)
▶ 079 497 4294 ◀ johank@grainsa.co.za
▶ Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatso Nyambose

Jerry Mthombathi

Mpumalanga (Nelspruit)
▶ 084 604 0549 ◀ jerry@grainsa.co.za
▶ Kantoor: 013 755 4575 ◀ Nonhlanhla Sithole

Naas Gouws

Mpumalanga (Belfast)
▶ 072 736 7219 ◀ naas@grainsa.co.za

Jurie Mentz

KwaZulu-Natal (Vryheid)
▶ 082 354 5749 ◀ jurie@grainsa.co.za
▶ Kantoor: 034 980 1455 ◀ Sydwell Nkosi

Ian Househam

Oos-Kaap (Kokstad)
▶ 078 791 1004 ◀ ian@grainsa.co.za
▶ Kantoor: 039 727 5749 ◀ Luthando Diko

Lawrence Luthango

Oos-Kaap (Mthatha)
▶ 076 674 0915 ◀ lawrence@grainsa.co.za
▶ Kantoor: 047 531 0619 ◀ Cwayita Mpotyi

Liana Stroebel

Wes-Kaap (Paarl)
▶ 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za
▶ Kantoor: 012 816 8057 ◀ Melercia Kotze

Du Toit van der Westhuizen

Noordwes (Lichtenburg)
▶ 082 877 6749 ◀ dutoit@grainsa.co.za
▶ Kantoor: 012 816 8038 ◀ Lebo Mogatlanyane

Vusi Ngesi

Oos-Kaap (Maclear)
▶ 079 034 4843 ◀ vusi@grainsa.co.za
▶ Kantoor: 012 816 8070 ◀ Sally Constable

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.

Maak hooi – selfs as die son nie skyn nie

anders gaan dit vir jou doen nie. Dit is jou verantwoordelikheid om op so 'n manier te bestuur dat jy nog steeds daar sal wees wanneer die reën kom.

Wanneer jy praat met 'n paar van die land se topboere, besef jy dat hulle nie tyd het om depressief oor omstandighede te wees wat hulle nie direk kan beïnvloed nie. Met hul oë op die toekoms fokus hulle eerder op wat hulle kan verander. Hulle maak planne, trek hul gordels stywer en leef en werk met hoop in hulle harte. Onthou die gesegde, “n Boer maak 'n plan.”

DIE VRAAG IS: “WAT KAN EK DOEN?” Jy moet jou bestuur op 'n hoë vlak kry waar bestuur impliseer om te beplan, te organiseer, te implementeer en te beheer.

Beplan jou besigheid behoorlik en bring al jou fisiese planne in 'n begroting saam en dan organiseer en implementeer jy volgens jou planne en begroting. Sover dit implementering aangaan, “Doen die basiese dinge reg” en handhaaf koste volgens jou begroting. Jy moet 'n kampioen mielie en/of koring en/of sojaboonprodusent en/of veeboer word.

Om in staat te wees om te beheer (vergelyk wat gedoen is met wat beplan is) benodig jy rekords – hoeveel hektaar waar geplant is, plantpopulasie, hoeveel kunsmis en saad gebruik is, ens. Verbeter dus jou rekordhoudingstelsel.

Saam met al die bogenoemde moet jy 'n kreatiewe entrepreneur wees – “Wat kan ek beter doen, hoe kan ek meer produktief wees, of ek het nie 'n produk wat bemark kan word as 'n nisprodukt nie”? Maak 'n plan. Jy kan kennis neem

“

Beplan jou besigheid behoorlik en bring al jou fisiese planne in 'n begroting saam en dan organiseer en implementeer jy volgens jou planne en begroting.

daarvan dat in 'n onlangse publikasie van die internasionale ouditeure Moore Stephens, hulle “sewe dodelike sondes” gelys het wat lei tot die mislukking van ondernemings. Hulle is ook van toepassing op die landbou. Sommige van hierdie sondes is: Geen besigheidsplan, oorbesteding, swak administrasie, swak kontantvloei bestuur en gebrek aan oorhoofse bestuur. Al hierdie aspekte is die afgelope paar maande in ons artikels oor bestuur bespreek.

Ten spyte van al die negatiewe van 'n boer is daar 'n blink toekoms vir landbou. Wêreldwyd is die bevolking besig om te groei – meer mense benodig meer kos. Wil jy deel in hierdie blink toekoms? Hou op kla oor die regering, doen iets, help jousef. 🍀

Artikel verskaf deur Marius Greyling, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na mariusg@mcgacc.co.za.

HIERDIE PUBLIKASIE IS MOONTLIK GEMAAK DEUR DIE BYDRAE VAN DIE MIELIETRUST